





# MOEDER VAN 'N VOORSPRONG!

KENNERS IS DIT EENS: EERSTETAALONDERRIG IS EEN VAN DIE  
BESTE MANIERE OM 'N KIND VIR DIE TOEKOMS VOOR TE BEREI ...

**D**ie onderrigstelsel is in 'n krisis gedompel.

Die VN-agentskap Unesco verf 'n rooskleurige prentjie as hy meen Suid-Afrika het 'n geletterdheidsyfer van 93%, want dis gegrond op die vermoë om bloot 'n woord te kan identifiseer.

Die Universiteit van Pretoria het in 2017 navorsing bekendgestel wat toon agt uit tien gr. 4-leerders kan steeds nie op 'n aanvaarbare vlak lees nie.

Suid-Afrika is laaste uit 50 lande in 'n peiling wat die Progress in International Reading Literacy Study onder 320 000 kinders oor die wêreld heen gedoen het.

Die ATKV, Afrikaans.com, die Afrikaanse Taalraad, Fedzas, die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) en Helpende Hand het daarom besluit om kragte saam te span en die belangrikheid van moedertaalonderrig uit te lig.

## #MYTAAL

“Amper alles wat ons by die ATKV doen, het op 'n manier met Afrikaans as moedertaal te make,” sê Karien Brits, ATKV-bestuurder vir taal. “Die ATKV het in 2016 besluit om 'n bewusmakingsveldtog van stapel te stuur waarin die organisasie die voordele van moedertaalonderrig uitgelig het. Die doel was om ouers te oorreed om hul kinders in hul moedertaal te laat skoolgaan. Die ▶

hutsmerk #MyTaal word sedertdien in ons boodskappe oor die waarde van moedertaalonderrig gebruik.

“Almal is nie altyd bewus van hul taalregte en hoe onlosmaaklik dit eintlik aan gesonde samelewings verbind is nie,” sê Karien. “Taalregte sluit onder meer die reg op moedertaalonderrig in – iets wat Unesco ook sterk ondersteun.

“Akademici is dit eens dat konseptualisering in die moedertaal plaasvind. Kinders leer en verstaan dus gewoon beter in hul moedertaal. Die goeie uitslae van kinders wat in hul moedertaal skoolgaan, is jaar ná jaar ’n bewys van die voordele van moedertaalonderrig. Ouers wil graag die beste geleentheid vir hul kinders hê en moedertaalonderrig is een van die beste maniere om ons kinders vir die toekoms toe te rus.”

Volgens Karien gaan moedertaalonderrig oor meer as net opvoeding in jou moedertaal.

“Dit beteken nie net leer in jou taal nie, maar lééf in jou taal. Die ontwikkeling van hoëvlak-denke, sosiale interaksie, speel, redeneer, talente uit leef en kreatief wees, is alles deel van moedertaalonderrig. Dis iets waarvoor die ATKV se skoleprojekte ruim geleentheid bied.”

## AFRIKAANSE SKOLE PRESTEER

In 2019 fokus die ATKV daarop om die boodskap van die waarde van moedertaalonderrig in al sy projekte te versprei. Een só ’n geleentheid was Vriende van Afrikaans, ’n divisie van die ATKV, se jaarlikse Johan Combrink-gedenklesing, wat op 21 Februarie, Internasionale Moedertaaldag, in Ceres aangebied is.

By dié lesing het dr. Christa van Louw, destydse voorsitter van die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans, gefokus op die ekonomiese waarde van jou moedertaal, hoe moedertaalonderrig jou leerprestasie bevorder en die voordele wat dit

## “AFRIKAANSE MOEDERTAALONDERRIG BIED KINDERS DIE HÉÉL BESTE KANS OM GOED TE DOEN EN OM AS STERK MEERTALIGES OOK GOEIE BEROEPSGELEENTHEDE TE KRY.”

inhou.

Volgens Conrad Steenkamp, uitvoerende hoof van die Afrikaanse Taalraad, vind armer gemeenskappe ook baat by moedertaalonderrig.

“Afrikaanse moedertaalonderrig bied kinders die héél beste kans om goed te doen en om as sterk meertaliges ook goeie beroepsgeleentheid te kry. Hoe meer tale kinders onder die knie het, hoe meer geleentheid het hulle. Dié ouers wat Engels pleks van Afrikaans in die familie gebruik, doen hul kinders ’n groot onreg aan. ’n Mens wil wel hê dat kinders Engels moet bemeester, maar déúr Afrikaans. Dis die beste resep vir ’n kind se toekoms.”

Karien meen ouers is dikwels bekommerd oor hul kinders se toekoms in ’n krimpende wêreld waarin Engels ’n dominante rol speel.

“Hulle sal hul kinders eerder na skole stuur waar Engels die onderrigmedium is,” sê sy. “Die aanname is dat hul kinders beter Engels sal leer praat as hulle in Engels skoolgaan. Dit is ’n drogredenasië. Volgens akademici is die aanleer van ’n tweede taal suksessvoller as die moedertaal goed gevestig is en ontwikkel word.”

Statistieke toon ook kinders wat in hul moedertaal onderrig ontvang, vaar beter tydens hul matriekeindeksamen. Solidariteit se Skole-onderrigsentrum skryf dit in sy 2017-oorsig van matriekuitslae toe aan ’n kombinasie van internasionaal gerekende faktore: die bepalende invloed van moedertaalonderrig, die gehalte van onderwys en onderwyseropleiding en leerderingesteldheid.

Solidariteit het spesifiek op Afrikaanse skole gefokus en navorsing toon Afrikaanse skole het ’n gemiddelde slaagsyfer van 86% teenoor die nasionale gemiddelde van 75%, waar Afrikaanse skole gemiddeld 100 kandidate per skool gehad het teenoor die nasionale gemiddelde van 79. Altesaam 12 van die 20 skole met die meeste onderskeidings, asook die meeste onderskeidings per leerder, is Afrikaanse skole. Wat die kernvakke betref (wiskunde, fisiese wetenskappe, lewenswetenskappe en rekeningkunde), is nege van die top-20 met die meeste onderskeidings Afrikaanse skole.

Onder die vyf tophuistale met die meeste leerders (Afrikaans, Engels, Xhosa, Zoeloe en Pedi) is Afrikaans los voor met 36% van al die onderskeidings. Xhosa is tweede met 26%, gevolg deur Engels (17%), Pedi (11%) en Zoeloe (10%).

“Die belangrikste boodskap is dat moedertaalonderrig die beste keuse vir jou kind is,” sê Karien. “As jy wil hê jou kind moet akademies presteer, moet jou kind in sy of haar moedertaal skoolgaan.”

Sy moedig ouers aan om aktief betrokke te raak.

“Die ATKV glo dat moedertaalonderrig ’n sleutelfaktor in sukses is. Deur ons verskillende projekte wil ons graag alle deelnemers help om sukses te behaal. Kom dink, wees kreatief en leef in jou moedertaal deur deel te neem aan die ATKV se projekte!” 🌱

DEUR JACQUES MYBURGH